HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

VOLUME 6 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 21 FEBRUARIE 2025

FEBRUARIE

27 JF GOT TALENT

28 FHP SPORTDAG

10 MAART TOETSREEKS

Volg JF SOSIALE MEDIA

op Facebook @JFAmptelik

op TikTok @jfamptelik

op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

February

24	25	26	27	28	
Mnr & mej JF: Oudisies		JFFJ-aand	JF's Got Talent	Hokkie O/14 Toernooi FHP SPORTDAG	Atletiek: Aflos byeenkoms FHP SPORTDAG

Maart 2025

Dagboek die datums:

Week 1

1 Maart
Atletiek: Aflos byeenkoms (VS Stadion)
3 Maart
Beroepedag
5 Maart
JFFJ-aand
JFFJ/JFMP
Redenaars: Radikaal (video's)
6 Maart
Atletiek: FSHSAO
JFFJ: Koshuisuitreik
7 Maart
Atletiek: FSHSAO
Wêreldbiddag vir vroue
Rugby: Pa en Seunaand
8 Maart
Atletiek: FSHSAo
Rugbyliga: Burgersdorp (w)
Wêreldbiddag vir mans

Week 2

13 Maart
SAMO Wiskunde: Olimpiade
14 Maart
Atletiek: VS, ASA Kampioenskap (o/16, o/18, o/20, o/23 en sen.)
Wesgrowliga: Trio (w)
19 Maart
Wesgrowliga: Hokkie 1ste span
21 Maart – 23 Maart
Hokkie: 1ste spanne na Oos-Londen
Vakansiedag
Wesgrowliga: Vooretrekker (T)
22 Maart
Atletiek: AFS Liga 5

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

TOETSROOSTER

	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Maandag 10 Maart	TEGN	NW-M	LO	AFR	RTT
Dinsdag 11 Maart	AFR - V1	SW- GESK	BEST	RTT	IGO
Woensdag 12 Maart	LO	AFR - V1	TRSM	LW	DRAMA
Donderdag 13 Maart	ENG	NW-L	AFR	DRAMA	LW
Vrydag 14 Maart	SW-GEO	LO	ENG	ENG	ENG
Maandag 17 Maart	NW-M	EBW	RTT	LO	KUNS
Dinsdag 18 Maart	WISK	WISK	GEO VBS MUSIEK	IGO	GEO
Woensdag 19 Maart	NW-L	ENG	IGO	WISK WWWG	FW TRSM
Donderdag 20 Maart	EBW	TEGN	FW KUNS	REK	EKON VBS
Vrydag 21 Maart					
Maandag 24 Maart	SK	AFR - V2	WISK WWWG	FW KUNS	WISK WWWG
Dinsdag 25 Maart	SW-GESK	WISK - Taak	LW	TRSM	BEST MUSIEK
Woensdag 26 Maart	WISK - Taak	SW - GEO	DRAMA	BEST	REK
Donderdag 27 Maart	AFR - V2	SK	REK	EKON GEO VBS MUSIEK	AFR
Vrydag 28 Maart	REM	REM	REM	REM	LO

INDIVIDUELE FOTO'S
FOTOPAKKETTE

BAIE DANKIE aan elkeen wat vroeër opgestaan het!

Dit is weer tyd vir die individuele foto's. Die hele skool se leerders word afgeneem met die oog op die jaarblad en prysuitdeling.
Dié fotopakkette kan u bestel teen R65.

Ons gaan u 'n hele maand gee om te bestel, wat u meer as genoeg tyd gee om die Karri-app te bemeester. Ons vra u samewerking in dié verband. Ons het verlede jaar oor die 800 bestellings gehad, daarom vra ons dat u net op Karri bestel.

FOTOBESTELLINGS SLUIT:
10 MAART 2025 –
GEEN LAAT BESTELLINGS SAL AANVAAR WORD NIE

Na afloop van die fotodae sal die leerders se fotonommers by hulle registerpersoneel beskikbaar wees. Die bestellings is op Karri-app en u moet eers die fotonommer insleutel voordat u die foto kan bestel en betaal.

LET WEL:
Bestellings vind STRENG via Karri plaas.
GEEN EFT's, GEEN KONTANT EN GEEN KAARTBETALINGS sal aanvaar word nie.

karri
POWERED BY NEDBANK

MA`S WAT OMGEE

As ‘n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie koningkryk nie bly staan nie.

Mark. 3:24

Help JF:

Geagte Ouers

MySchool en Makro is twee instansies waarby die skool groot voordeel trek met elke aankoop wat u as ouer maak. Daar is egter fondse wat verlore gaan omdat u kaart nie aan die skool gekoppel is nie. Kom ons maak 'n verskil aan die bedrag wat die skool voortaan sal ontvang met elke aankoop wat u as ouer maak; dit bevoordeel eintlik u eie kind, asook die gemeenskap waarby die skool betrokke is.

1. MYSCHOOL

Met elke aankoop by Netstar, Woolworths, Engen en Loot word die skool bevoordeel. Indien jy 'n Woolworths Rewards kaart besit kry net die koper die voordeel, met 'n MySchool kaart kry die koper én die skool voordeel. Help ons deur jou ouers en vriende ook te koppel.

1.1 MySchool-aansoekvorm

Indien u nie 'n MySchool-kaart besit nie, gaan na google en tik in "myschool". Die instruksies volg duidelik.

By begunstigde: Hoërskool Jim Fouché

Die MySchool kaart sal dan by u afgelewer word.

INDIEN U NIE REGKOM MET DIE GOOGLE AANSOEKVORM NIE, STUUR VIR MY 'N EPOS EN EK SAL DIE NODIGE AANSOEKVORM AAN JOU STUUR.

2. MAKROKAART

2.1 Makrokaart

U kan nie by Makro koop sonder 'n Makrokaart nie. Maak asseblief seker dat u kaart aan die skool gekoppel is. By die ingang is 'n toonbank aan jou linkerkant, toon jou kaart en koppel aan die skool, asseblief.

BETAAL JOU SKOOLGELD MET SAMBA EN ONTVANG 'N KONTANT-TERUG BONUS!

Hoërskool Jim Fouché

Sluit aan by Samba en ontvang R200 krediet op jou rekening en die skool ontvang R200 vanaf Samba.

Aanbod geldig tot 30 Maart 2025.

soveel meer vir my | so much more for me

Samba

Koöperatief Bpk | Co-operative Ltd

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

LOO

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

MAAR, MY KIND IS DIE HEELTYD IN HULLE KAMER!

Is jou tiener konstant in hulle kamer? Wil hul nie deelneem aan familie-aktiwiteite of oor naweke nie meer doen wat hul graag in die laerskool saam gedoen het nie? Soms word ouers se frustrasievlakke getoets met tieners wat isoleer of net met stilte alle vrae beantwoord. Ons deel vandag 'n paar wenke om ouers te bemagtig in die moeilike oomblikke.

Hulle wil nuwe goed op hul eie probeer, hulle onafhanklikheid "oefen" en self besluite neem

Dit is belangrik om te vra wat is normale gedrag vir hierdie ontwikkelingsfase? Dit is baie normaal (verskriklik normaal) vir 'n tiener om meer privaatheid te wil hê as toe hul jonger was. Hulle wil nuwe goed op hul eie probeer, hulle onafhanklikheid "oefen" en self besluite neem. Maar dit is nie normaal om vir lang periodes hulself te isoleer nie. Dit kan insluit om alleen op hul selfoon te wees of om speletjies aanlyn te speel. Basies – as kontak met familie of vriende vermy word, moet daar aandag daaraan gegee word. Soms het tieners hulp nodig oor hoe om met ander verhoudings te bou.

On sweet – ouers is soms so moeg, daar is ander kinders, ander krisisse – dan is dit maklik om te dink, 'ons sal later aandag gee aan die isolerende gedrag'. Maar hoe vinniger mens inspring om jou te kind te help, hoe beter. Anders kan dit jou verhouding met jou tiener negatief beïnvloed, en jou tiener se vermoë om gesonde verhoudings te kweek, belemmer.

1. Hoekom isoleer jou kind?
Praat jou tiener oor hulle isolasie en maak spasie vir 'n gesprek hieroor – moenie voor sussie of boetie of ouma praat nie. Klop aan die deur en gesels. Besef dat ongelukkigheid in die ouerhuis moontlik 'n rede vir isolasie kan wees, so wees geduldig en luister sonder om te oordeel of verdedigend te raak. Enige rede wat hul deel – angs, luiheid, selfbeeld – moet aandag geniet.

2. Werk aan julle verhouding
Dit mag dalk tyd neem om 'n verhouding met 'n tiener te versterk en aan die begin gaan jou tiener dalk met 'n negatiewe houding opdaag. Jy as ouer moet net aanhou opdaag en wys vir jou tiener dit is ons tyd saam. Wees dan standvastig met die reëlings – dit moet vooruit beplan word.

3.Vra vir jou tiener vrae – hul kan diep gesels in die fase
As mens met jou tiener gesels, kan mens seker maak hulle weet waar jy staan oor 'n saak. Maar ons weet dan ook van daardie oomblikke waar een woord antwoorde die heeltyd gegee word. Dan gaan jy kreatief moet wees en werklik hard moet werk om daardie vertroue en spasie te hou. Om 'n gesprek te voer is 'n belangrike vaardigheid wat almal moet ontwikkel.

4.Maak 'n plan
As jy sien jou tiener sukkel om gesprekke met ander te voer en met ander verhoudings te vorm – motiveer en reël 'n aktiwiteit waarin hul kan deelneem. Soms is sosiale angs, 'n lae selfbeeld of gebrekkige sosiale vaardighede redes vir tieners om te isoleer en nie kanse te neem nie. Al is dit vir hul moeite en vervoer moet gereël word – jy gaan oor 'n jaar bly wees jy het die geleentheid aangegryp. As ons as mens heeltyd alleen is, dan beïnvoed dit soms 'n persoon se selfbeeld – jy begin dink jy is goed in niks en dit word al hoe moeiliker om uit die isolasie uit te klim.

Die tienerfase is 'n uitdagende en 'n komplekse fase. Baie belangrike vaardighede word ontwikkel wat as volwassene benodig word om 'n funksionerende persoon te wees. Dit is daarom belangrik om aandag aan tienergedrag en uitdagings te gee – dit is 'n kwesbare tyd en belangrik dat probleme nie gelos word vir later nie. Dan is dit dalk te laat.

BRONNE
HTTPS://PARENTINGTODAYSTEENS.ORG/ARTICLES/RECONNECTING-WITH-AN-ISOLATED-TEEN/

JF LEEF MET

WAARDE VAN DIE WEEK

Waarde

Week se stukkies

Berig deur: Lisa Smith

Omgee is nie ’n eienskap wat mens dikwels as ’n waarde sien nie; mens sien dit eerder as iets wat jy vir ’n persoon na aan jou voel. Maar om om te gee vir iemand buite jou binnekring – dit is wat van omgee ’n Christelike waarde maak.

Die tweede, en belangrikste gebod, volgens Jesus, is: “Hê jou naaste lief soos jouself” – Markus 12:31. Jou naastes verwys nie net na die mense aan wie jy die naaste is nie, maar na almal met wie jy paaie kruis.

Wanneer ons kyk na die voorbeeld wat vir ons gestel is deur Jesus Christus, was sy omgee die genade wat hy aan ons getoon het deur Homself vir ons te offer.

Die offer wat óns vandag vir ander kan bring, is ons tyd, wat behels om aandag te gee aan wat om ons aangaan en regtig te sien wat ander nodig het. Of dit nou is om jou tunabrootjie te deel of om te help om ’n swaar tas te dra, gee ietsie kleins, gee ’n bietjie van jouself. Gee om.

“Lewe met omgee” is 'n pragtige uitdrukking in Afrikaans. Dit beteken letterlik “lewe met sorg” of “lewe met liefde.” Dit herinner ons daaraan om nie net deur die lewe te beweeg nie, maar om dit met empatie, sorg en liefde te doen.
Lewe met omgee is 'n waardevolle beginsel wat ons kan help om 'n betekenisvolle en liefdevolle lewe te lei.
Hier is 'n paar maniere waarop jy met omgee kan lewe:

Wees bewus van ander mense se gevoelens:
Luister aktief na mense en probeer hul emosies verstaan. Wees sag en geduldig, veral wanneer iemand deur 'n moeilike tyd gaan. Luister aandagtig na hul verhaal sonder om te oordeel. Dit laat hulle voel hulle word gesien en gehoor.

Doen iets vriendeliks vir iemand anders:
Dit kan 'n klein daad van goedhartigheid wees, soos 'n deur oopmaak vir iemand, 'n kompliment gee of 'n vreemdeling help. 'n Eenvoudige glimlag of 'n vriendelike groet kan 'n groot verskil maak. Behandel mense met respek en vriendelikheid, selfs in die klein dinge. Elke klein gebaar tel.

Ondersteun ander in hul stryd:
As iemand in jou lewe 'n moeilike tyd beleef, wees daar vir hulle. Stuur 'n bemoedigende boodskap, koop 'n koppie koffie of laat 'n klein geskenk agter sonder om iets terug te verwag. Dit is 'n manier om liefde en omgee te wys.

Vrywillige werk:
Deel jou tyd en talente met gemeenskapsorganisasies of liefdadigheidsinstellings. Dit is 'n manier om terug te gee en 'n verskil te maak in ander mense se lewens.

Wees bewus van jou impak op die omgewing:
Omgee vir die aarde sluit in om bewus te wees van jou afval, watergebruik en energieverbruik. Klein veranderinge in jou daaglikse gewoontes kan 'n groot verskil maak.

Onthou, omgee is nie net oor groot gebare nie; dit is oor alledaagse vriendelikheid en oorweging. Dit is 'n manier om 'n positiewe impak op die wêreld te hê en 'n liefdevolle lewe te lei.

Lewe met omgee is 'n waardevolle beginsel wat ons kan help om 'n betekenisvolle en liefdevolle lewe te lei.

Dit is 'n manier om 'n verskil te maak in ander mense se lewens.

Kultuur

LANDSDIENS

Rommel versamelde rolstoele vir die minder bevoorregtes
Facta non verba – Dade nie woorde nie. Dit is die leuse van Landsdiens wat Landsdieners graag uitbeeld.

Die Bloemfonteinse hoërskoolgroep van die Landsdiens, Die Kwaggas, het op 15 Februarie bymekaar gekom by die Kwaggas se klubhuis om saam te werk aan hul herwinningsprojek.

Die Kwaggas het 5Liter plastiekbottels geverf en versier waarin mense hul plastiekbottels se proppies, kanoortjies en broodetikette in kan gooi om ‘n bydra te lewer die vir herwinningsprojek waar rolstoele vir die minderbevoorregtes in nood gegee kan word.

Lize Fourie, klubleier en stigter van die Kwaggas, sê dat sy in haar skooldae ‘n ywerige lid van die Landsdiens was.

“Landsdiens is ‘n omgewingsjeugbeweging wat hierdie jaar 111 jaar oud is. Dis gestig destyds as ‘n Landbou beweging in 1914 en daarna het dit deel geword van die Landbou departement waarna dit deel geword het van die Departement van Onderwys. In 1995 het dit ‘n beweging op hul eie geword.”

Landsdiens fokus om die jeug voor te berei op volwassenheid na skool.

In 2022 het haar dogter, Liné, hoërskool toe gegaan waar sy uitgevind het dat daar nie ‘n Landsdiensgroep in Bloemfontein beskikbaar was vir hoërskoollede nie.

“Sy wou graag ‘n klub gestig het want sy het, in 2021 haar junior Springbok gekry en sy wou nie Landsdiens los nie. Sy het toe die Kwaggas gestig en ek het haar gehelp, sodat sy kan aangaan met Landsdiens en haar Senior Springbok ook kan kry. Dit sal haar in die toekoms kan help nie net met haar studies en afslag op haar studies nie, maar ook haar as mens ontwikkel en sy meer kan leer oor die omgewing, liefde vir medemens, maar ook hoe om vir haarself te sorg wanneer sy uit die skool uit is.” vertel Lize

Alle leerders wat graag 'n Springbok toekenning wil verwerf moet elkeen 'n jaarprojek hê sodat dit vir die Nationalebestuur van Landsdiens kan bewys dat die leerder weet waaroor Landsdiens gaan. Landsdiens wil 'n verskil in hul lewe maak en sodoende 'n verskil maak in die omgewing, mense en God.

"Die rede waarom ons 'n klub-jaarprojek en 'n Vrystaat-jaarprojek en soms 'n Nasionale-jaarprojek loods is sodat die leerders wat nie bekommerd is om Springbok te word nie kan leer deur die projek hoe om liefde vir sy medemens, liefde vir natuur, liefde vir arbeid en liefde vir God uit te leef. Met hierdie jaar se "proppieprojek" maak ons, ons omgewing skoon deur herwinning. Sodoende help ons ons medemens wat ‘n rolstoel benodig. Vir elke 450kg wat ingesamel word, kry ons ‘n gratis rolstoel. As al die Landsdiensklubs in die Vrystaat kan saamwerk, kan ons vinniger ‘n verskil maak in ins omgewing en in ons medemens se lewe.” het Lize gesê.



NUWE LEERDERS WORD UITGENOOI OM BY DIE KWAGGA-FAMILIE AAN TE SLUIT. KONTAK TANNIE LIZE FOURIE BY 082 378 4398.

SPORT

KRIEKET

Ligawedstryde:

SEMI-FINAAL JF vs FHP

JF se eerste krieketspan verslaan Fichardtpark met 25 lopies en dring dus deur na die Bloemfontein super-finaal teen Diamentveld.

JF teken 109/7 aan en beperk Fichardtpark tot 84/10.

Beste kolwers:
Ruan Kleyn 33 n.u.n.
Christiaan Odendaal 13
Adrian de Necker 12

Beste boulers:
Christiaan Odendaal 2 vir 9
Cobus Wilken 2 vir 12
Jarreth Scott 2 vir 29

JF 0/19A vs Welkom Gym

JF- 152/10 (29)
Welkom Gym – 156/5 (31)
JF verloor met 5 paaltjies
Kolwers:
Cobus Wilken - 52 (46)
Niel Wilken 35 - (40)
Boulers:
Adrian de Necker - 2/26
Cobus Wilken - 1/17

JF 0/15 vs Grey 0/15C

JF verloor met 10 lopies
Grey 0/15C – 147/8 (20)
JF- 137/10 - (19)
Kolwers:
DJ Loots - 29 (28)
Wihan Paulsen - 21 (11)
Boulers:
Wihan Paulsen - 3/22
Christohan van Vuuren - 2/16

JF 0/15A vs RPC 0/19A

JF – 109/4 (20)
RPC - 113/2 (19)
JF verloor met 8 paaltjies

Kolwers:
Wihan Paulsen - 51(56)
Nayden Viljoen - 22*(26)

Boulers:
Nayden Viljoen - 1/20
Duan Bastone - 1/31

#trotsJF

SPORT

HOKKIE

DIE O/18 A'S HET DIE NAWEEK BY KOVSIES SE HOKKIE VOORSEISOENFEES 'N HELE PAAR WEDSTRYDE GESPEEL. DIT WAS 'N GOEIE DAG VIR JF HOKKIE. DIE O/16'S SPEEL DIE KOMENDE NAWEEK.

SEUNS	
2 - 0	JF vs. Sentraal
1 - 1	JF vs. Trio
4 - 0	JF vs. Witteberg
3 - 3	JF vs. Grey B

DOGTERS	
3 - 0	JF vs. Trio
0 - 0	JF vs. Goudveld
4 - 1	JF vs. SMS
3 - 0	JF vs. FHP

Eben Sander, Gurshwin Matebesi, Niqlynn Coetzee en Janien van Eeden word onderskeidelik as speler van die wedstryd deur Kovsies aangewys.

#trotsJF

SPORT

DRIEKAMP

AJ Theron en Dian Lotriet is gekies om die Vrystaat te verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse Driekamp Kampioenskappe wat in Benoni gehou gaan word op die 16 Maart 2025.

MIDMAR MYL

AJ THERON HET AAN DIE MIDMAR MYL DEELGENEEM EN DIT VOLTOOI IN 'N TYD VAN 00:32:50.

KARATE

ATA Tournament – 15 Februarie 2025

Denica Scheepers

3rd Degree Black Belt

TRADITIONAL TAEKWONDO FORM - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TRADITIONAL WEAPON FORM - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TRADITIONAL COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TRADITIONAL SPARRING - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TRADITIONAL TAEKWONDO FORM - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)

TRADITIONAL WEAPON FORM - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TRADITIONAL COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)

Janco Scheepers

2nd degree black belt

TRADITIONAL TAEKWONDO FORM - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)

TRADITIONAL WEAPON FORM - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TRADITIONAL COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)

TRADITIONAL SPARRING - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TEAMS COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

TEAMS SPARRING - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)

#trotsJF

SPORT

ATLETIEK - SENTRAAL TOP 20-ATLETIEKBYEENKOMS

Goud: 5
Silwer: 6
Brons: 8

JF eindig algeheel 6de uit 31 skole as gekombineerde spanne.
Die seuns span eindig 13de uit 27 spanne, die dogters span eindig 7de uit 21 dogterspanne.
Baie geluk aan elke atleet wat JF se naam hoog gehou het!

Dogters o/15:

3de plek	-	Dané Neethling 400m 00:62.81
4de plek	-	Dané Neethling 200m 00:27.16
3de plek	-	Franzelle Barnard Hoogspring 1.55m
5de plek	-	Franzelle Barnard 400m 00:64.50
4de plek	-	Safiya Sampson 1500m 06:04.25
11de plek	-	Safiya Sampson 800 02:51.11
5de plek	-	Rukaiya Sampson Verspring 4.36m

Dogters o/17:

2de plek	-	Hanel Browne Driesprong 10.64m
2de plek	-	Zanelle Carelzen Spiesgooi 35.37m
3de plek	-	Danell Oelofse 1500m. 04:55.24
3de plek	-	Danell Oelofse 800m. 02:20.46
1ste plek	-	Anri Rautenbach Hoogspring 1.60m
9de plek	-	Anri Rautenbach 100 m 00:13.69
3de plek	-	Marune Dreyer 100 m Hekkies 00:15.02
5de plek	-	Marune Dreyer 100 m 00:13.11
3de plek	-	Neldri Du Toit Hamergooi 43.37m
11de plek	-	Neldri Du Toit Gewigstoot 9.49m
5de plek	-	Alinca Smit 200m 00:27.76
6de plek	-	Alinca Smit 400m 00:66.79
8 ste plek	-	Danika Kotze Verspring 4.13m
1ste plek	-	Miné Kriek Verspring 4.80m
5de plek	-	Miné Kriek Driesprong 9.40m

#trotsJF

SPORT

ATLETIEK - SENTRAAL TOP 20-ATLETIEKBYEENKOMS

Dogters o/19:

1ste plek	-	Amoné Verwey 200m 00:25.37
2de plek	-	Amoné Verwey Verspring 5.15m
3de plek	-	Johaney Du Toit Gewigstoot 10.57m
3de plek	-	Johaney Du Toit Hammergooi 40.28m

AFLOS VIR DIE DOGTERS 0/19 - EINDIG JF 5DE ALGEHEEL

Seuns o/15:

6de plek	-	Joah De Villiers Verspring 5.35
8ste plek	-	Joah De Villiers 100 m Hekkies 00:16.28
5de plek	-	Jan-Harm Siebert Hoogspring 1.50m
5de plek	-	PN Roux Hammergooi 31.29 m
15de plek	-	PN Roux Diskusgooi 29.71m

Seuns o/17:

2de plek	-	Joshua Oosthuizen. 200m. 00:21.74
3de plek	-	Joshua Oosthuizen. 100m. 00:10.96
2de plek	-	Ruan Kruger. Gewigstoot. 14.20m
2de plek	-	Ruan Kruger. Hamergooi. 46.10m
5de plek	-	Jareth Scott Verspring 5.50m
6de plek	-	Jareth Scott Driesprong 11.73m
8ste plek	-	Nando Chauke Driesprong 11.28m
11de plek	-	Jaco Taljaard Hoogspring 1.55m



Seuns o/19:

1ste plek	-	Conrad van der Zwaard Gewigstoot 14.84m
1ste plek	-	Conrad van der Zwaard Diskus 46.64m

#trotsJF

RUGBY

2025 H/S JIM FOUCHÉ RUGBYKALENDER

GREEN MACHINE

FEBRUARIE

22	PRES. STEYN SPORTDAG

MAART

01	FICHARDTPARK SPORTDAG
08 WEG	BURGERSDORP
15 WEG	TRIO
21 TUIS	VOORTREKKER
30	GLENWOOD TOER

APRIL

12 TUIS	FICHARDTPARK
30	BERGSIG TOER

MEI

10 TUIS	HTS LOUIS BOTHA
17 TUIS	SENTRAAL
24 TUIS	LANDBOUDAL
31 WEG	DIAMANTVELD

JULIE

26 WEG	WITTEBERG

AUG/SEPT

02 TUIS	GOUDVELD
09 TBC	LIGA SEMI-FINAAL
09 TBC	LIGA FINAAL

SUPERSPORT SCHOOLS

KONICA MINOLTA

KovsieSport UFS

RUGBY

LIGA-

Bepalings

15 MAART	JF vs. TRIO	(W)
21 MAART	JF vs. VOORTREKKER	(T)
12 APRIL	JF vs. FICHARDTPARK	(T)
17 MEI	JF vs. SENTRAAL	(T)
31 MEI	JF vs. DIAMANTVELD	(W)
26 JULIE	JF vs. WITTEBERG	(W)
2 AUGUSTUS	JF vs. GOUDVELD	(T)

LEKKER ETES TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!

HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKVOLLE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!

MIDDAGETE: SLEGS R30
AANDETE: SLEGS R50

ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.

Huis Anton van Wyk

KONTAK ANNETTE MAARTENS VIR MEER INLIGTING EN BESTELLINGS:
084 886 7419
ANNETTEMAARTENS@JIMFOUCHEHS.CO.ZA

JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!

PRYSLYS

Bestel tussen Jun - Aug vir die spesiale pryse

LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R500

WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460

GOLFERS: KORTMOU

R320

PETTE

R155

VISOR

R150

LIP BALM

R30

SATERDAG BESKIKBAAR VIR KOOP, PAS EN BESTEL

BUFF

R100

STROOIHOED

R110

JF Band R60

COMBO R170

KOMBERS

R160

150cm x 150cm

BREËRANDHOED

R230

JF PIN

R80

JULLE LYK MOOI!!



HOE WAS EK MY NUWE JF_KLEURE

Ondersteunersklere:

- Was artikel in **koue water** en hang in koelte op

GEEN

- Stasoft
- Son hang
- Tuimeldroeër
- Stryk nie asb.

Dankie

#trotsJF

Dienste by skool

Verhuring
Middagstudie
Klerebank
Rekenaars

Verhuring van die Multisentrum en/of saal en Netbalhuis:
Kontak Louisa 051 502 1766

Middagstudie word Maandae tot Donderdae vanaf 14:00 tot 17:00 aangebied vir leerders van Hoërskool Jim Fouché.

Kostes beloop R380 per maand oor 11 maande.
Leerders word verskoon vir buitemuurseprogram en ekstra-klasse.

Vir inskrywingsvorms e-pos gerus vir Suzette Hoogendoorn by ontvangs.loo1@jimfouchehs.com

KLEREBANKTYE
Hoërskool Klerebank Tye
Gedurende kwartaal:
Elke skooldag 10:20 - 11:20 (pouse)

Dinsdae 13:30 - 14:00
Woensdae 07:00 - 07:30

Eksamentye 07:30 - 08:00
Annemarie van Rhijn 082 775 3635

REKENAARSENTRUM
Die Rekenaarsentrum is beskikbaar vir alle leerders om take, projekte en navorsing te doen en om inligting op die internet te soek.
Sentrumtye:
Maandae tot Woensdae: Direk na skool tot 15:00.
Daar is elke middag 'n onderwyser in die sentrum aan diens. Spesiale reëlings kan ook met die onderwyser aan diens getref word.

NUUS UIT DIE KLEREBANK

Graad 12-leerders wat sweetpakke op die Green Friday Special bestel het, kan dit reeds kom afhaal by die Klerebank.

Leerder wat in November Triacetate Tops en Quilted baadjies op Karri-App bestel het, kan dit ook kom afhaal.

Die res van die leerders sal per graad afgeroep word gedurende Maart. (Sommige gr.11-leerders se pakkies is reeds gereed - Leerders kan by die Klerebank kom navraag doen.)

Let asb. daarop dat slegs bestellings vir nuwe sweetpakke en pullovers afgeroep sal word. Bestellings op Karri-App vir gewone kort sportdrag, wedstryddrag, ou sweetpakke, sakke ens. is onmiddellik beskikbaar. Daardie leerders kan dadelik kom haal, hulle sal nie afgeroep word nie.

By die Klerebank Collections op Karri-App is daar gewoonlik aanduidings van hoe lank dit sal neem voor bestellings gereed sal wees. Kyk na die "collection details".

Vir enige navrae stuur asb. 'n WhatsApp na Annemarie by 0827753635.

NOG

JAARBLAAIE

R150

&

DAGBOEKE

R100

BESKIKBAAR

ME. A. HUMAN

REKENAARSENTRUM 2

HET JY AL JOU NUWE JF PIN?

R80

Bestel en betaal op karri

karri

POWERED BY NEDBANK

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op

Huis Anton van Wyk: ‘n Huis Weg van die Huis

Skrywer:
Melanie Slabbert

Anton van Wyk Koshuis: ‘n Huis Weg van die Huis

In die bruisende wêreld van die Anton van Wyk Koshuis is daar ‘n nuwe paartjie wat die hartklop van die huis vorm – oom Neels en tannie Lea Lubbe. Hulle is nie net koshuisouers nie, maar ook mentors, raadgewers en die stewige anker vir menigte leerders wat ver van hul eie huise af is.

Maar waar het hierdie dinamiese duo begin? “Ons het by ‘n partytjie ontmoet,” vertel tannie Lea met ‘n glimlag. “Maar nee, dit was nie liefde met die eerste oogopslag nie. Dit het ‘n paar kuiers gevat voordat die vonke behoorlik gespat het.” Nou, 42 jaar later, is hulle stéédś ‘n span – nie net in die huwelik nie, maar ook in hul roeping as koshuisouers. Met drie seuns en drie kleinkinders, verstaan hulle die dinamika van ‘n besige huis, iets wat beslis handig te pas kom in hul daaglikse take.

Vir die afgelope 30 jaar is oom Neels en tannie Lea die rugsteun van talle jong lewens. Hul koshuisreis het by Motheo FET College begin, later het hulle na Hoërskool Namakwaland in Springbok geskuif en uiteindelik hul plek gevind by Anton van Wyk Koshuis in Bloemfontein. “‘n Tipiese dag begin voor die haan kraai,” sê oom Neels. “Van dagbeplanning tot ontbyt, inspeksie en selfs herstelwerk – daar is nie ‘n vervelige oomblik nie.”

‘n Huis met Tradisies en Waardes

Een van die belangrikste reëls in die koshuis is die in- en uittekenstelsel. “Toesig en beheer is noodsaaklik,” verduidelik tannie Lea. Maar dissipline is net so belangrik. “Dit leer selfstandigheid en verantwoordelikheid – lewenslesse wat die leerders hulle lewe lank sal dra.” Tradisies soos samehorigheid lê hulle ook na aan die hart. “Ons wil hê die kinders moet voel hulle is deel van ‘n groter familie,” sê sy. “Ons doen dit deur betrokke te wees – in groot en klein oomblikke.”

Die koshuiswêreld het oor die jare verander. Waar kinders vroeër op hulself aangewese was, is daar nou ‘n sterk netwerk van ondersteuning. “Ons probeer leerders leer om respek en omgee vir mekaar te hê,” voeg oom Neels by. “As ons mekaar met liefde en deernis behandel, maak dit die wêreld ‘n beter plek.”

Toekomsdrome vir Anton van Wyk Koshuis

Maar wat hou die toekoms in? “Ons droom daarvan om Anton van Wyk die beste koshuis in Bloemfontein te maak – ‘n huis waar kinders nie net bly nie, maar tuis voel,” sê hulle met trots. En om daardie visie te bewaarheid, is daar reeds planne in die pyplyn, insluitend opgraderings aan die seunsbadkamers om dit op dieselfde hoë standaard as die meisiesbadkamers te bring.

Met hul liefde vir jongmense, hul sterk waardes en hul toewyding daaraan om ‘n verskil te maak, is dit duidelik: oom Neels en tannie Lea is meer as net koshuisouers – ***hulle is die hart van Anton van Wyk Koshuis.***

>>> https://www.jfoester.co.za/ LEES MEER op JF Oester

https://www.jfoester.co.za/ <<<